fresh

NES JY IS, WAAR JY IS

# MET GEES

## GAWES VAN DIE GEES

Hierdie week kyk ons na nog ‘n Geestelike Gawe – Wysheid. Voordat ons na die spesifieke gawe kyk, lees ons nog ‘n teks wat vir ons agtergrond inligting rondom die gawes gee.

Buiten 1 Kor 12 en Rom 12, verwys Efesiërs 4 ook na die Geestelike Gawes.  Lees Efesiërs 4:1-13 met mekaar saam.

*Watter woorde staan vir jou uit in die eerste drie verse?*

*Watter woorde staan vir jou uit van vers 11-13?*



# EFESIËRS 4:1-12

Geestelike gawes is ”geskenke van Bo” wat bedoel is om die behoeftes van die gemeenskap aan te spreek en gemeenskap te bou.  Dit is tot beskikking van alle Christene wat glo dat Jesus vir ons gesterf het.

Geestelike gawes gee ons die vermoeë om:

- met die krag van die Heilige Gees te te kan werk
- Konsekwent, gefokus en standvastig in ons werke te wees
- Mense te transformeer na die beeld van Christus

GEESTELIKE GAWES stel ons in staat om werk te doen – WAT WERK!



FRANKLY, WE DON'T DESERVE THIS GIFT.
BUT WE NEED IT.
BECAUSE WE HAVE WORK TO DO.

*Thomas Aquinas*



'AAN DIE EEN WORD DEUR DIE GEES DIE GAWE GEGEE **OM 'N WOORD VAN WYSHEID TE PRAAT**, AAN 'N ANDER 'N WOORD VAN KENNIS DEUR DIESELFDE GEES; '

1 KORINTIËRS 12:8

Hierdie week kyk ons na die Geestelike Gawe van Wysheid. Wysheid word apart van Kennis genoem.

*Wat dink jy is die verskil tussen Wysheid en Kennis?*

*Watter persone ken jy wat Wysheid in die Bybel ten toon gestel het? Watter persone in jou eie lewe vandag?*

*Dink jy jy beskik oor die gawe van Wysheid?*

Lees die aanhaling van Thomas Aquinas oor die Gawe van Wysheid:



THEY'VE SHOWN UP AS A SENSE OF PERVASIVE CALM WHEN OTHERS HAVE FELT FRENZIED OR AS CONFIDENCE IN A HIGH-PRESSURE SITUATION THAT RATTLES OTHERS. IN THOSE MOMENTS, WHILE I MAY NOT SPEAK EXPLICITLY ABOUT THE LORD, I CAN POINT TO HIS NATURE—REASSURING, COMFORTING, EMPOWERING, FORGIVING. I CAN OFFER MY EXAMPLE OF TRUST AS A GUIDEPOST TO OTHERS. THE LORD WILL DO THE REST.

*Thomas Aquinas*

Een van die wysste mense in die Bybel was sekerlik Salomo. Hy het hierdie wysheid ten toon gestel toe hy ‘n moeilike besluit moes maak in **1 Konings 3:16-28**. Jy kan dit gerus lees.

*Watter moeilike besluite moes jy al maak as ouer, hoof van die gesin, leier, bemiddelaar in konfliksituasies en hoe het jy dit hanteer?*

Kyk veral na vers 28 en ook 1 Korintiërs 1:30. Ware Wysheid kom van God af. Wysheid is daarom sekerlik die nederigste gawe, want dit beteken om jou eie behoeftes op sy te sit vir die groter prentjie. Dit beteken om te dink en doen soos wat Jesus sou (deur die krag van die Heilige Gees).

# 1 KONINGS 3:28

"DIE HELE ISRAEL HET GEHOOR VAN DIE UITSPRAAK WAT DIE KONING GELEWER HET, EN HULLE HET HOË AGTING VIR DIE KONING GEKRY, WANT DIT HET VIR HULLE DUIDELIK GEWORD DAT HY VAN GOD SELF WYSHEID ONTVANG HET OM REGSAKE UIT TE WYS.'

1 KORINTIËRS 1:30


'AAN GOD IS DIT TE DANKE DAT JULLE MET CHRISTUS JESUS VERENIG IS. HY HET VIR ONS GEWORD DIE WYSHEID WAT VAN GOD KOM: DIE VRYSPRAAK, DIE HEILIGING EN DIE VERLOSSING. '

‘n Meisie wou graag inskryf vir ‘n sendingmissie in China. Die vereistes was ‘n spesifieke graad en ook om getroud te wees (‘n kulturele vereiste). Sy het die Here belowe sy sou alles gee en hard leer vir die graad, en gevra dat die Here vir haar net die man sal voorsien. Tydens haar harde studies was daar steeds geen kêrel of man op die horison nie en die aand voor haar gradeplegtigheid het sy kwaad vir die Here gevra hoekom Hy nog nie in haar behoefte voorsien het nie.

Sy het egter daardie aand besef dat sy nog nie heeltemal oorgegee het aan die Here nie – Hy is die een wat beter weet en ons moet aan Sy wysheid oorgee. Dit is ware nederigheid ter wille van die bevordering van die evangelie.

*Het jy al werklik jou besluite, planne, idees oorgegee in die Here se hande?*


AIRBAG
CLIMATE



# HOE WEET EK DIS DIE HEILIGE GEES?

Dis nie altyd maklik om te weet of iets werklik van die Heilige Gees af kom en of dit iets is wat jy forseer of uit jou eie krag uit doen nie.... Hier is ‘n paar riglyne:

1. Vind uit wat die Heilige Gees bedroef maak en hou op om dit te doen**. Lees Efesiërs 4:30-32.** *Wat is die dinge wat die HG bedroef maak? Hoe het jy hierdie week gevaar in hierdie areas?*

’n Bekende pastoor het gewoonlik op Maandae aan sy preek begin werk. Hy het nog nooit later as dit met ‘n idee begin nie, maar daar was een week waarin hy net nie by dit uitgekom het nie en eers die Saterdagoggend by sy lessenaar gaan sit het.

Ongelukkig het hy en sy vrou ‘n lelike uitval daardie oggend gehad en kon hy net nie gefokus kry op sy preek nie.  Na 3 ure se sukkel, het hy nog steeds ‘n leë bladsy gehad.  Hy besef toe dat hy nie krag van die HG gaan kry as hy nie eers vergifnis gaan vra nie.  Hy het vir sy vrou jammer gaan sê en die blaam aanvaar vir die uitval.  Eers daarna was sy preek binne ‘n uur uitgewerk en een van die bestes wat hy nog gelewer het.

Dís wat Jesus sou doen.

2. Maak staat op nood-genade.  Steun op die Here in tye wanneer jy magteloos is, valslik beskuldig word, nie weet wat om te doen of te sê nie en reageer op die klein aansporings wat Hy gee.  **Lees Matteus 10:16-20.** *Hoe het al bonatuurlike wysheid ervaar om die regte dinge te doen of sê?*

3. Laastens moet jy VREDE ervaar. Die toets vir vrede hang van baie dinge af, en as al hierdie dinge nie saam evalueer word nie, is dit heel dikwels nie iets wat van die Heilige Gees af kom nie.


**V – Voorsiening.** *Is daar 'n deur/ geleentheid wat vrylik en gemaklik oopgaan of moet jy dit met fors oopskop?*

**R – Reverse.** *Wat sou die viand (duiwel) in hierdie situasie doen – en doen die teenoorgestelde.*

**E – eerste gesag.** *Raadpleeg die Skrif – ons eerste gesag. Die HG sal nooit teen die Skrif optree nie.*

**D – dapperheid.** *Voel jy dapper en vol wanneer jy hierdie stap neem?*

**E – ewewig.** *Bring dit 'n rustigheid en innerlike vrede mee?*



# VREDE

Voorsiening

Reverse…

Eerste gesag

Dapperheid

Ewewig

# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS

***BID SAAM***

Here, baie dankie vir U ongelooflike wysheid en dat U besluite soveel beter is as ons eie. Mag ons met nederigheid voor U kniel, uit die krag van die Heilige Gees werk en bydrae tot die groei en transformasie van ons gemeenskap. Help ons om die perspektief en gedagtegang van die Heilige Gees in ons lewe te kweek.

Dankie vir daardie persone wat met die geestelike gawe van wysheid geseën is.

AMEN.